

Jou eie Priester

Sag 6:13; Heb. 7:23-28

HK Sondag 12

Inleiding

- Skuld skep afstand...
 - Of jy 'n vriend geld skuld
 - en of jy 'n vriendin 'n guns belowe het wat jy nog nie by uitgekom het nie...
 - as jy hulle in Pick 'n Pay raakloop gaan jy 'n duik maak agter die Chips-rak in
- Ek dink meeste van ons was al in so situasie
 - waar jy maar te bly was jy het die ander persoon eerste gesien
 - en jy hoop jy kan hulle vermy sonder dat hulle jou sien.
- As dinge in 'n verhouding nie reg is nie
 - en jy voel skuldig
 - skep dit afstand...
 - En daardie verhouding gaan nêrens totdat dit nie opgelos is nie...
- Dit werk presies ook so in jou verhouding met God.
 - As jy skuldig voel en die afstand groot...
 - Gaan julle verhouding moeilik vorder,
 - Jy gaan die lewe sonder God probeer aanpak en sleg tweede kom.
- As jy hier sit en voel dit is dalk bietjie die geval in jou verhouding met God...
 - Verklik dit dat jy Jesus nog beter kan leer ken,
 - Maar veral Jesus as jou Priester.

Agtergrond

- Om Jesus as jou priester te verstaan, moet ons iets van sy tweede naam verstaan.
 - Jesus se tweede naam, *Christus*.
 - Dit beteken letterlik net “die gesalfde”.
 - Om 'n persoon te salf met olie op die kop was in die Ou Testament 'n ritueel waardeur iemand 'n spesifieke werk gekry het.
 - Profete is gesalf, Priesters is gesalf en Konings is gesalf.
 - Die profete moes God se waarheid vir die mense vertel.
 - Dink aan Moses, Natan, Jesaja ens.
 - Die Priesters moes namens die mense offers bring en vir die mense bid.
 - Dink aan Aaron, Leviete, Eli ens.
 - Die Konings moes die mense lei en regeer en saam laat werk.
 - Dink aan Saul, Dawid, Salomo ens.
- Ons kan vir elkeen van hulle 'n teken gee om dit maklik te maak om hulle kern-take te onderskei:
 - Die profeet wys na jou;
 - Die priester help en maak reg;
 - Die koning gee opdragte.



- Nou... in die Ou Testament word gesê dat die ware *Messias/Christus/Gesalfde* nog sal kom.

- Die ware profeet sal kom [Deut. 18:15],
 - die ware priester sal kom [Sag 6:13]
 - en die ware koning [Jes. 32:1] sal kom.
- Uit wat Jesus in die Nuwe Testament doen kry Hy dan die naam Christus.
 - – want Hy is al hierdie opgerol in een
 - Profete, Priesters en Konings moes mense eintlik net solank oor Jesus leer!
 - Maar hier is waar dit rêrig interessant raak:
 - Jesus was nie maar 'n priester nie, Hy wil vandag jou persoonlike Priester wees in Vanderbijl.
 - Vir jou om die waarde hiervan diep te verstaan
 - Gaan ons kyk na
 - die werk van die priesters in die Ou Testament.
 - Na Jesus as priester in die Nuwe Testament.
 - Die gevolg daarvan as Jesus nie jou priester is nie.
 - En wat at dit beteken om Jesus wel as jou persoonlike priester te hê...

Priesters in die OT

- Priesters was die genadige reg-makers.
 - Waar die mense se verhouding met God skeefgeloop het,
 - het hulle reggemaak.
- Hulle het nederig tussen God en sy mense gestaan as middelman.
 - Hulle werk by die tempel was om na die mense se klagtes, hartseer, sonde, skulderkennings en behoeftes te luister

- en om die mense te help om dit als aan God te kommunikeer en reg te maak.
- 'n Groot deel hiervan was
 - om diere dood te maak as ritueel
 - om te wys dat sonde 'n regte-egte probleem is wat die dood verdien
 - terwyl hulle bid dat God die mense se berou sal sien,
 - die diere as betaling aanvaar en hulle sal vergewe.
 - Die priester sal dan die mense seën,
 - bemoedig en troos dat God tevrede gestel is en als dan weer reg is [Lev1:1 ev].
- So hulle kantoore het hulle by die tempel deurgebring.
 - Op die brandoffer altaar
 - het hulle liters bloed gesmeer
 - en dooie diere gebraai wat die mense gebring het,
 - op die wierookaltaar
 - het hulle wierook gebrand as deel van hulle voorbidding en 'n klompie ander dinge.
 - Hulle het
 - met liefde en genade
 - en begrip en simpatie
 - en empatie en meegevoel
 - ingestaan vir die mense by God.
- Die mense kon weet
 - hulle saak is reg en dat God tevrede was
 - as die Priesters so ingetree en dinge reggemaak het.
- Maar hulle was net buitelyne van die regte Priester wat sou kom... Jesus.

Jesus as Priester

- Al die offers en bloed van die Ou Testament was
 - soos 'n bloedspoor wat,
 - as jy dit soos 'n Boesman spoorsnyer in die veld sou volg,
 - ons lei na waar Jesus uiteindelik aan die kruis
 - die Priester is wat ter selfde tyd Homself ook as die offerlam gee.
- Sagaria 6:13 praat van die Priester wat sal kom:
“¹³Ja, Hý sal die tempel van die Here bou, en Hý sal majesteit verkry en sit en heers op sy troon; ook sal Hy 'n priester wees op sy troon”
- Jesaja verduidelik hoe Jesus nie net Priester nie maar ook die Lam self is:
Jes. 53v7,8:
⁷Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie. ⁸Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk.
- Dis hoe ons Priester Jesus dan ook in aksie sien
 - as Hy uiteindelik op aarde werk met groot liefde en begrip,
 - en genade gewys het waar niemand gevoel het Hy moes nie
 - En homself as die lam ook geoffer het

- Jesus het geweet dat Hy die groot offer is wat hierdie genade moontlik gemaak het in Matt 17:

“²¹Van toe af het Jesus dit vir sy dissipels duidelik begin stel dat Hy Jerusalem toe moet gaan en baie moet ly onder die familiehoofde, die priesterhoofde en die skrifgeleerdes, en dat Hy doodgemaak moet word, en die derde dag uit die dood opgewek moet word.

- Dis hoekom Jesus ook jou Priester kan wees:
 - Hy het behulpsaam gedoen wat nodig was om als tussen jou en God reg te stel.
- Jesus die genadige regmaker

As Jesus nie jou priester is nie

- Maar ...as jy Jesus nie regtig vertrou as jou priester nie,
 - net profeet en koning,
 - dan sien jy Hom waarskynlik as iemand wat
 - op sy troon sit en van daar af raas en bevele blaf,
 - maar nooit daar afklim om jou te kom help nie.
- Prakties kan jy toets of jy Jesus regtig as jou Priester op 'n diep vlak vertrou of nie.
 - Kyk of jou geloofslewe merendeels bestaan uit trots-wees en moedeloosheid.
- Hoekom dié twee?:
 - Want sonder Jesus as priester
 - gaan jy trots voel die slag as jy goed doen en dinge regkry
 - of moedeloos en depressief as jy dit nie reg kry nie.
 - Dit is 'n nimmereindigende wipplank as jy nie rus in die Priester se offer nie,
 - maar self nog moet regmaak.

- Maar Jesus die genadige regmaker het juis gekom om jou van daardie wipplank af te haal
 - As jy werklik die diepte van sy werk aan die kruis in vertrouwe vasgryp
 - Maak 'n geloofslewe wat bestaan uit trots of hopeloosheid
 - Plek vir verwondering, nederigheid en vreugde.
- So weer is daar 'n krisis as Jesus nie jou Priester is nie:
 - Dan het jy net 'n profeet wat die reguit waarheid praat oor jou sonde
 - en 'n Koning wat gehoorsaamheid op eis om vir Hom te werk...
 - maar nie 'n priester wat als regmaak wat nodig is nie.
 - Jy is dan presies waar elke ander godsdienst sy aanhanger bring:
 - op die wipplank van trots en moedeloosheid–
- En jy is eintlik dan nog sonder Jesus.

Jesus as jÓÚ priester

- Maar as jy Jesus nederig waardeer en vertrou as priester wat klaar reggemaak het,
 - dan bedreig Sy priemende waarheid as profeet jou nie
 - – want vir al jou sonde wat Hy vir jou uitwys ...het Hy klaar geoffer,
 - en sy eis om as Koning oor jou die sê te hê raak goeie nuus
 - – want dit is die tipe koning wat ek kan en wil vertrou.
 - Dan het jy uiteindelik die hele Jesus!
- Én dit verander jou houding teenoor ander mense.

- Sien, godsdienstige mense staan graag op 'n afstand
 - om die sonde in mense se lewens uit te wys op 'n profetiese manier.
 - Maar wat hulle nalaat is om die priesterlike tree nader te gee
 - om 'n vriendskap op te soek met siek en seer sondaars
 - om hulle bloot te stel aan God se waarheid
 - En ook aan God se geduldige, liefdevol genade – die evangelie
 - wat die enigste ding is wat ons losruk uit daardie einste siekte en sonde.

- As jy Jesus vertrou as jou priester...
 - bring dit jou om met 'n priester-houding na ander te reik.

- Gee nie om waar jy geestelik trek nie
 - – wat agter jou lê en wat die afstand tussen jou en God groot maak nie -
 - As jy Jesus se werk diep vertrou:
 - Skuld jy niks en is die afstand onnodig.
 - Die wipplank kan stop. Klim daar af.
 - Jy het beter dinge om te gaan doen
 - Soos om ander wat nog vassit op die wipplank af te help met die nuus oor Jesus as die regmakende Priester.

Slot

- Ek sluit af met 'n gedeelte uit Hebreërs 7 wat Jesus as die reg-makende Priester kristalhelder vir ons uitwys...
 - weet dit is God se woord vir jou:

²³Daar is ook 'n ander verskil: omdat die dood die Levitiese priesters verhinder het om aan te bly, was daar baie wat mekaar opgevolg het. ²⁴Omdat Jesus vir ewig bly, beklee Hy 'n priesterskap wat nie op 'n ander oorgedra word nie. ²⁵Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.

²⁶Vir ons was so 'n hoëpriester nodig, een wat heilig, skuldeloos en sonder smet is, verwyder uit die midde van die sondaars en verhoog bo die hemele, ²⁷een wat nie, soos die hoëpriesters, elke dag offers hoef te bring, eers vir sy eie sondes en dan vir dié van die volk nie. Hy het immers eens en vir altyd 'n offer vir die sondes gebring toe Hy Homself geoffer het. ²⁸Die wet stel mense as hoëpriesters aan, en mense het swakhede; maar die uitspraak wat met 'n eed bevestig is en wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan as ewige en volmaakte Hoëpriester.

- Skuld skeep afstand...
 - maar wat as die skuld reggemaak is...?
 - Dan kom ons weer nader aan God
 - En daaroor praat ons volgende week oor Jesus as Koning.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
14 Feb 2016
Deel 2 van 3